## 10 Oktober Spreuke 4:20-27; HK Sondag 44

### *Slegte en goeie begeertes*

Dit wat in ons harte omgaan, dit wil sê ons begeertes, bepaal ons hele lewe (vers 23). In die begin was dit die mens se begeerte om die Here te dien, maar na die sondeval wil hy doen wat hy wil.

Sondige, begeertes het toe groot verwoesting gebring. Kain het vir Abel doodgeslaan, Dawid het owerspel en moord gepleeg en so gaan die verwoesting vandag nog voort. Daarom is die opdrag in die tiende gebod dan dat ons ons sondige begeertes moet onderdruk. Ons moet dit uit ons gedagtes kry, anders gaan dit oor in sondige woorde en dade. Daarmee oortree ons God se gebooie nog verder.

Dit is egter onmoontlik om die Tien Gebooie volmaak te gehoorsaam. Selfs die allerheiligstes soos Abraham, Job en Paulus het maar net aan die beginstadium gekom van die ware gehoorsaamheid. Tog beveel die Here dat sy wil steeds deur middel van die Tien Gebooie in die wêreld verkondig moet word.

So leer ons ons sondes beter ken en wek die Heilige Gees ons op om die vergifnis daarvoor in Christus te soek. Ons moet dan ook gedurig bid vir die genade van die Heilige Gees sodat ons al hoe meer sal begeer en daarna sal streef om volgens Christus se voorbeeld te leef

Luister u so na die wet van die Here dat dit ook in u lewe gebeur?

Sing: Skrifberyming 26:10, 11 Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)